# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

# DANS

**SG**

Eerste Vraestel

**609-2/1 A**

DANS SG: Vraestel 1

8 bladsye

609 2 1A SG

X05

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**DANS SG**
**(Eerste Vraestel: Geskiedenis en Musiek)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 105**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.

---

## AFDELING A
## GESKIEDENIS VAN DANS

### VRAAG 1

1.1 Jy het heelwat lewende dansproduksies in 2004, 2005 en 2006 gesien. Jou onderwyser het jou gevra om kort aantekeninge saam te stel oor die beste dansproduksies wat jy in hierdie jare gesien het. Die notas sal gebruik word om 'n resensie oor 'n produksie in die klas te skryf. Sy het die onderstaande riglyne gegee om jou met die aantekeninge te help.

* Neem kennis: Die lewende dansproduksie (Vraag 1) moet verskil van die voorgeskrewe danswerke (Vraag 6).

1.1.1 Noem die volgende inligting:

- Titel van werk
- Naam van dansgeselskap
- Naam van EEN hoofdanser
- Datum (maand en jaar) van uitvoering
- Plek van uitvoering
- Choreograaf (-grawe)
- Komponis(te) (4)

1.1.2 Skryf kort sinne oor elk van die volgende onderwerpe:

- Kort beskrywing van die inhoud (2)
- Choreografiese styl (1)

1.2 Jy het 'n reis gewen om jou gunsteling dansgeselskap by hul repetisie-ateljees te ontmoet. Omdat jy baie opgewonde oor die reis is, wil jy graag voorbereid gaan. Skryf kort aantekeninge wat die volgende insluit:

1.2.1 Naam van die dansgeselskap (1)

1.2.2 Noem EEN van die hoofdansers (1)

1.2.3 Titel van 'n huidige danswerk in hul repertoire (1)

**[10]**

**VRAAG 2**

2.1 Gee VYF redes waarom mense graag dans. (5)

2.2 Verduidelik hoe dans in jou kultuur gebruik word as 'n wyse van uitdrukking en kommunikasie by EEN belangrike ritueel, bv. geboorte, dood, mondigwording, huweliksvierings, ens. (5)

**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Jy moet die Graad 9-leerders tydens hul Lewensoriëntering-periode oor moontlike loopbaangeleenthede in Dans inlig. Skryf DRIE loopbane in Dans neer en skryf langs elkeen TWEE vaardighede OF verantwoordelikhede neer wat vereis word om 'n sukses van elk van die loopbane te maak. (6)

3.2 Jy wil 'n danskonsert vir Nasionale Erfenisdag by die Dieretuinmeer in Johannesburg organiseer, maar jy benodig R10 000 vir die projek. Noem VIER moontlike borge wat jy kan nader om jou produksie te befonds. (4)

**[10]**

**VRAAG 4**

4.1 Verduidelik EEN dansveld of dansvorm wat jy tydens hierdie jaar bestudeer het (kies uit die onderstaande tabel). Skryf aantekeninge oor die tegniese en stilistiese beginsels van die gekose dansveld of dansvorm. Jy mag ook sketse maak om die detail van die passies en kostuums te verduidelik. (8)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrika-dans | Kontemporêre dans | Baldans | Jazz-dans |
| Ballet | Choreografie | Latyns-Amerikaanse danse | Spaanse dans |
| Griekse dans (Ginner-metode) | Volksdans (Nasionale karakter-dans) | Indiese dans (Bharatha Natham / Kathak) | Klopdans |

4.2 Waarom, dink jy, is dit belangrik vir mense om die dansstyl wat jy in Vraag 4.1 gekies het in Suid-Afrika te bestudeer en te beoefen? Gee TWEE redes. (2)

**[10]**

## VRAAG 5

Skryf kort opstelle oor TWEE beroemde choreograwe – EEN van Suid-Afrika en EEN uit die Verenigde State van Amerika. Sluit inligting in oor die loopbaan, prestasies, choreografie styl, titels en danswerke van elke choreograaf.

5.1 Kies EEN van die volgende Suid-Afrikaanse choreograwe: (5)

> Boyzie CEKWANE, John CRANKO, Sylvia GLASSER, Gary GORDON, Mark HAWKINS, Vincent S. MANTSOE, Gregory MAQOMA, Robyn ORLIN, Veronica PAEPER, Jay PATHER, Mbuyiselwa SEMELA, Frank STAFF.

5.2 Kies EEN van die volgende choreograwe uit die Verenigde State van Amerika: (5)

> Alvin AILEY, George BALANCHINE, Merce CUNNINGHAM, Martha GRAHAM, José LIMóN, Arthur MITCHELL, Twyla THARP.

**[10]**

## VRAAG 6

6.1 Kies EEN danswerk uit die onderstaande lys. Skryf die titel duidelik as 'n opskrif neer. Skryf daarna 'n sinopsis (opsomming van die storielyn) van die werk. (4)

| | | |
|---|---|---|
| *Bessie's Head* | *Gula Matari* | *Tranceformations* |
| *Giselle* | *Die Ritus van die Lente* | *Swanemeer* |
| | *Revelations* | |

6.2 Kies 'n ANDER WERK uit die bostaande tabel. Skryf die titel duidelik as 'n opskrif neer. Beantwoord dan die volgende vrae:

6.2.1 Verduidelik die choreografie styl van die werk. (2)

6.2.2 Wie is die choreograaf van die werk? (1)

6.2.3 Wat behels die storielyn van dié werk? (3)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

## AFDELING B
## MUSIEK

### VRAAG 7

Hierdie vraag verwys na die aangehegte partituur **Coda uit *Don Quixote***.

7.1 Bestudeer die tydmaatteken op die partituur. Kan die tydmaatteken beskryf word as enkelvoudige tweeslagmaat, enkelvoudige drieslagmaat of saamgestelde tweeslagmaat? (1)

7.2 In die onderstaande tabel is Italiaanse afkortings wat in die partituur voorkom. Teken die onderstaande tabel oor in jou antwoordboek en voltooi volgens die voorbeeld.

| | **Italiaanse afkorting** | **Italiaanse woord** | **Afrikaanse betekenis** | |
|---|---|---|---|---|
| Voorbeeld | ***f*** | ***forte*** | hard (luid) | |
| | ***p*** | | | (2) |
| | ***cresc.*** | | | (2) |
| | ***ff*** | | | (2) |

7.3 Nommer die mate. Bestudeer die notasie in mate 1 – 8 noukeurig. Noem TWEE verskillende soorte nootwaardes wat in mate 1 – 8 voorkom. (2)
**[9]**

### VRAAG 8

Voltooi elke sin deur die letter wat die korrekte antwoord verteenwoordig te kies.

8.1 'n Trompet is 'n ______.

A. kordofoon
B. aerofoon
C. idiofoon (1)

8.2 'n Klavier is 'n ______.

A. kordofoon
B. membranofoon
C. idiofoon (1)

8.3 ABACADA verwys na _______.

A. tweeledige vorm
B. drieledige vorm
C. rondo-vorm (1)

8.4 Herhaling en kontras word gebruik om ______ aan musiek te gee.

A. vorm
B. ritme
C. polsslag (1)

8.5 Watter tipe toonhoogte het 'n sopraan?

A. Laag
B. Middel
C. Hoog (1)

8.6 Van watter instrumentgroep is sintetiseerders deel?

A. Elektroniese instrumente
B. Houtblaasinstrumente
C. Koperblaasinstrumente (1)

8.7 *Diminuendo* het dieselfde betekenis as ______.

A. *allegro*
B. *piano*
C. *decrescendo* (1)

8.8 Simbale kan gevind word in die volgende instrumentgroep van die orkes.

A. Perkussie
B. Houtblasers
C. Strykers (1)

8.9 Die meeste dansmusiek bestaan uit frases van ______ mate.

A. vier
B. agt
C. twaalf (1)

**[9]**

## VRAAG 9

Kies EEN van die volgende musiekstyle en skryf dit neer as 'n opskrif:

| Afrika-musiek | Impressionisme | Jazz | Nasionalisme | Romantiek |
|---|---|---|---|---|

Skryf 'n kort opstel oor die gekose musiekstyl. Verwys na musiek- en danswerke, beroemde persone wat in dié tydperk geleef het (komponiste, uitvoerders, skilders, skrywers, heersers van lande) en beskryf die verskillende musiekelemente, bv. ritme, melodie, tempo, harmonie, dinamiek, ens. **[9]**

## VRAAG 10

Skryf 'n kort artikel vir die skooljaarblad oor EEN van die onderstaande komponiste. Beskryf die komponis se loopbaan en musiekstyl en gee voorbeelde van komposisies (uitgesluit die komposisies wat hieronder genoem word).

Erik SATIE, Leonhard PRAEG, Cesaria EVORA (Komponiste: *Bessie's Head*)
Adolphe ADAM (Komponis: *Giselle*)
Gabrielle ROTH (Komponis: *Gula Matari*)
Igor STRAVINSKY (Komponis: *Die Ritus van die Lente*)
Peter Ilyich TCHAIKOVSKY (Komponis: *Swanemeer*)
Shaun NAIDOO (Komponis: *Tranceformations*) **[9]**

## VRAAG 11

Kies VIER van die volgende danstipes en skryf hulle in jou antwoordboek neer:

*Barcarolle, Bolero, Cha-Cha, Charleston, Flamenco, Foxtrot, Galop, Habañera, Kwela, Mambo, Mazurka, Mbaqanga, Minuet, Polka, Polonaise, Ragtime, Rumba, Samba, Tango, Tarantella, Wals*

11.1 Gee die land van oorsprong van elke danstipe. (4)

11.2 Skryf die korrekte tydmaatteken vir elke danstipe neer. (4)

11.3 Gee 'n tempo-aanduiding vir EEN van jou gekose danstipes. (1)

Kopieer en voltooi die tabel hieronder:

| Danstipes | Land van herkoms | Tydmaatteken | Tempo |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |

**[9]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [45]**

**TOTAAL: 105**

## ADDENDUM
## MUSIEKPARTITUUR
## Coda uit *Don Quixote*




EINDE